Seëngroet
V: Genade en vrede van God,
G: *die Vader wat sy Seun na die wêreld toe gestuur het,*
V: en van Jesus Christus,
G: *die GEKRUISIGDE,*
V: en van die Heilige Gees,
G: *die Een wat ons herskep.*

Lied – 387:2, 3, 4

2. Verlate van u vriende,
verlate Worstelaar;
verlate van die Vader -
verlate Middelaar!
Net pyn en dors en duister
is by U in u nood;
ontdaan van aardse luister,
oorwin U tog die dood!

3. U vasgenaelde hande,
u spiesverwonde sy
spreek wyd oor alle lande:
Só moes die Christus ly!
Vervloek, om te ontsondig,
verlate, om te vind;
moes sterf om te verkondig:
Deur My word jy Gods kind.

4. Ek dank U, Heer, van harte
dat U, Verlosser, Vriend,
vir my die bitter smarte
gely het, onverdiend!
Waar ek hier ook mag swerwe,
dié troos sal ek behou
dat as ek eenmaal sterwe,
ek, Heiland, U aanskou.

Vredesgroet

Sheila Cussons se gedig *Goeie Vrydag*

Vandag is daar geen klokke nie
lui geen angelus:
die wêreld hou sy asem in
by die kruisiging van Jesus -
nee, anders is die waarheid
in ritme en in rym:
die wêreld drink sy wyn in die son
en niemand dink aan Hom
O onpeilbare vademlose
diep geheimenis:
dat krummels en 'n kring op 'n tafel
daardie agonie werd is.

Blaas dood die Christuskers

GOD PRAAT MET ONS UIT DIE BYBEL

Gebed om die opening van die Woord: Lied 266

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied,
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde,
net soos ons vergewe
dié wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk
en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen.
Vir ewig en ewig, amen.

Skriflesing – Jesaja 52:13 – 53:12
Boodskap

SAAM MET GOD AAN TAFEL

Where you there

1. Were you there when they crucified my Lord?
Were you there when they crucified my Lord? Oh!
Sometimes it causes me to tremble, tremble, tremble.
Were you there when they crucified my Lord?

2. Were you there when they nailed Him to the tree?
3. Were you there when they pierced Him in the side?
4. Were you there when the sun refused to shine?
5. Were you there when they laid Him in the tomb?

ONS GAAN IN STILTE (SONDER 'N SEëNGROET) UITMEKAAR...

...om weer Paassondag hier te ontmoet en die diens voort te sit.

"Dit is volbring."

EREDIENS

6 April 2012
Ned. Geref. Gemeente Pinelands
Goeie Vrydag

GOD BRING ONS VOOR HOM SAAM

Verwelkoming
Aanvangslied – 395:1-3

1. My Verlosser aan die kruis -
die Geneser, eens so kragtig,
nou onmagtig?
Waar is tog sy almag tans,
waar sy goddelike glans?

2. My Verlosser aan die kruis
ly vir sonde, smart en pyne -
ook vir myne!
Van die vloek maak Hy my vry
en sy sterwe red ook my.

3. My Verlosser aan die kruis -
ja, die beker van sy lyding
bring bevryding.
Brand, my hart, ontbrand in gloed
teenoor Hom, so groot, so goed!

Aanvangswoord (uit Joh. 17:1-4)
Net voor Jesus gevange geneem is, het Hy na die hemel opgekyk en gebid tot die Vader:
"Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik.
U het My die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U My gegee het, die ewige lewe te gee.
Ek verheerlik U op die aarde deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen.
Amen.